# Week 2:




## Exodus 3 en Genesis 28

## Saamgesels *(maak tyd om na mekaar te luister)*

*Wat het in die verlede al vir jou gehelp om nuwe vuur in jou verhouding met die Here in te blaas?*

## Wat sê die Bybel? *(maak tyd om na die Woord te luister)*

**Vinnige re-cap oor verlede week:** Die realiteit is dat ons verhouding met die Here oor tyd afkoel. Wat dink julle waarom gebeur dit?

**Lees Exodus 3:1-10 en Genesis 28:10-17**

**Ons ken almal woestyntye** – tye as dit nie goed met ons gaan nie... ook ons geloof gaan in woestyntye in. Wat het met Moses gebeur en met Jakob gebeur dat hulle in die woestyn beland het?

**Ons dink nie altyd dat God juis in ons swaarste tye na ons toe kom nie- ons verwag Hom nie!** Ons dink nie aan hierdie moeilike tye as tye waarin ons *geloof-vlammetjies* aan die brand gesteek word nie en tog gebeur dit met Moses en Jakob.

**Hoe doen God dit met Moses in Exodus 3?** (Kyk na alles wat die Here vir hom sê)

**En met Jakob in Genesis 28?**

Hierdie ontmoeting met hulle, juis as hulle in die woestyn is – verander die koers van hulle lewens. Ons mag sê dat God 'n vuur aansteek. Watter lig werp Henry Nouwen se aanhaling oor woestyntye hierop: ***"...the place where the old self dies and the new self is born..."***

Wat in Moses moes sterf...

En in Jakob...

En in jou?

## Sluit hierdie Bybelstudie met gebed af *(maak tyd om na mekaar se harte en na die Here te luister)*

- **Wat is daar op jou hart wat jy graag vanaand met die Here wil deel?**
- **Waarvoor wil jy dankie sê?**
- **Wat wil jy vra?**
- **Vir wie bid jy vanaand spesifiek?**

***"The only basis for fruitful Christianity (the only source of our power) is divine union, connection."***

**Richard Rohr**